



In hierdie uitgawe:

- ◆ *Woord deur die voorsitter* p1
- ◆ *Erfenisdag - 'n Treë vorentoe* p2
- ◆ *Sosio-politieke orde - 'n Bespreking* p5
- ◆ *Die Afrikaanse kampus as fabriek* p8
- ◆ *Die politiek korrekte woorde van 'n nuwe geslag* p10
- ◆ *Mentorvennoot se eerste Entrepreneurskool* p13
- ◆ *Brokkies en byeenkomste* p14

Woord deur die voorsitter

Jaco Schoeman, voorsitter van die Nasionale Raad

Baie universiteite wankel op die rand van chaos weens eise oor klasgelde, en sien ons op ons TV skerms die beelde van oproer, vandalisme brandstiging en selfs lewensverlies. Sommiges praat van revolusie ander weer van verzet. Dit is die negatiewe. Aan die ander kant hoor ons by ons lede die mooi staaltjies en ervarings van die huidige jaar se matriekafskeide, soms swierig, pragtige onthale en baldadige *veertig dae vieringe* wat die einde van 'n twaalf jaar skoolloopbaan aankondig.

Die veertig dae begrip kom letterlik uit Noag se ark. Wie sal die bang- onskuldige vraag uit die Kinderkrans klas vergeet, na die Bybelles oor die sondvloed en reën van veertig dae en veertig nagte: *Juffrou, was die boere toe tevrede?* Volgens Mattheus, Markus en Lukas was Jesus ook 40 dae in die woestyn toe hy deur die duiwel versoek is.

Die meeste van ons lede se kosbaarste herinneringe van 40 dae, is moontlik die *40- days* liedjie en lirieke soos gesing deur verskeie kunstenaars, veral **sir** Cliff Richard wat somer jaarliks **Generaal** Cliff status verkry het, met die laaste 40 dae verpligte militêre diensplig wat die lied luid weerklink het in party barakke. Hierdie boodskap van 40-days het oor al wat radio en musiekentrum is weerklink, militêre kommunikasie kanale is selfs gesystap en gebruik om die lied te speel, en by geleenthede het dit selfs Kubaanse ore bereik en het erge verwarring veroorsaak. Die *ou manne* het soms vals, maar uit volle bors, saamgesing en baie min simpatie gehad met die groot krokodilrane in die oë van die *troepies* en *rowe* vir wie hef aan van diensplig en grensdiens nog voorgelê het. In die aftel van daardie laaste veertig dae, was dit asof die troepe dan reeds die oorgang begin maak het, terug na die burgerlike lewe.

In Oktober 2016 staan ons weer by *veertig dae* en ek bespeur weer dieselfde gees van *40 days* wat ons vroeër getoon het. Die boodskap bly steeds staan, *kom ons vat dit, julle sal ons nie breek nie* maar dan terug na verantwoordelikheid en 'n nuwe begin.

Dit is bykans of die skokkende nederlae van die Springbokke deesdae gelate aanvaar word. Politieke inmenging in sport word in die gees van veertig dae al te gelate aanvaar, kaderontplooiing en swak dienslewering word slegs met 'n frons begroet, stroping van die land se bates met 'n hewige kopskud, en tongklik geluid. So ook die ander onsinnighede soos wat ons dit tans ervaar

(Vervolg op p2)

Woord deur die voorsitter (verv)

by die SABC, ook *superman Lesufi* wat tydig en ontydig oor heinings en mure by skole aangevlieg kom om sake reg te stel en skole te verlos van gewaande rassisme of die gebrek aan leierskap en staatsmanskap. So het ons ook al gewoon geraak aan 'n regerende party wat nie verantwoordelikheid neem nie en aanspreeklikheid bly verplaas na andere. In dié gees sien ons ook universiteite wat te maklik kapituleer soos uitgewys deur die skrywer RW Johnson. (lees sy artikel op Politicsweb en die verwysing daarna verder aan in die AB Nuusbrief) Volgens hom het universiteitsbesture te vinnig ingegee in 2015 en gevolglik hulle outonomie toe prysgegee. Vandag pluk ons die wrange vrugte daarvan en is daar reeds te ver oorgebuig na posisionele politiek wat ons nou gyselaar hou.

Dr Leopold Scholtz vra in sy boek - *Kruispaaie. Afrikanerkeuses in die 19e en 20e eeu* of "die moderne Afrikaner die geestelike, die emosionele en die intellektuele krag het om op te staan "deur 'n smeltkroes gegaan het en sterker anderkant uitgekom het? Of sal hulle saggens, soos 'n kers onder 'n maatemmer, uitgedoof word." (Kruispaaie. Leopold Scholtz p12)

"Dan is hy in 'n grondwetlike krisis omdat die nasie, soos die regering, daarmee dan ook sê dat die Grondwet nie die papier werd is waarop dit geskryf staan nie."

Ons is in 'n soortgelyke veertig dae periode van wag en kyk vir regsuitspraak oor die posisie van Afrikaans by universiteite. Adv Jan Heunis het op Litnet en tydens die FAK kongres tydens n toespraak verwys na die grondwetlik-gefundeerde aansprake vir gelyke taalberegtiging met die sobere waarskuwing dat "Indien die feit dat vier Suid-Afrikaanse universiteite binne die bestek van 'n jaar Afrikaans se status as primêre taal van onderrig saam met Engels beëindig het... gelate deur die publiek, en veral Afrikaanssprekendes, aanvaar gaan word, dan is die land in 'n grondwetlike krisis." Sy waarskuwing klink helder: "Dan is hy in 'n grondwetlike krisis omdat die nasie, soos die regering, daarmee dan ook sê dat die Grondwet nie die papier werd is waarop dit geskryf staan nie."

Met verwysing na die grondwetlike bepalings "wat feitlik betekenisloos geword het" sê hy later in sy toespraak "Dit het implikasies vir meer as die tale; dit het implikasies vir gemeenskapsontwikkeling; dit het implikasies vir die kwaliteit van onderrig; dit het implikasies vir die ekonomie; dit het implikasies vir ons geloof in die waardes wat onderliggend is aan ons Grondwet, en omdat dit so is, het dit implikasies vir ons politieke stelsel." As dit dan so is sal ons waarskynlik in die toekoms gedwing word om die waarde van die grondwet finaal te beoordeel en te bepaal hoe Afrikaners langs andere se minderheidsregte uitgeoefen moet word en of ons maar gedweë gaan toelaat dat ons meegeleer en "saggens, soos 'n kers onder 'n maatemmer, uitgedoof word." (Kruispaaie. Leopold Scholtz).

Ek gun mede-Suid Afrikaners hul hunkering na gratis onderrig, ook gedekoloniseerde onderwys, maar moet dit nie op my afdwing nie. Moet nie my witheid verag, my geskiedenis en helde oonteer nie, my ten spyte van my veelheid van kulturele kruisbestuwing en kulturele verryking vanuit Europa, Asië en Afrika, verskraal omdat swart nasionalisme as die enigste aanvaarbare beskou word nie. Moet my nie soos 'n bloekomboom as indringer beskou ten spyte daarvan dat my wortels diep in die aarde van Afrika indring nie. Anders as 'n bloekomboom kan ons nie so maklik verwyder word nie, want hier gaan ons bly. Scholtz meld in sy boek dat baie oorsee emigreer of emigreer na ekonomiese veilige hawens of emigreer na die binnekamer van hulself. "kom ons kry Afrikaners uit emigrasie terug na leiersrolle" in Suid Afrika. Hier is hulle nodig, want as Afrikaners bou ons saam aan die toekoms van Suid Afrika. ❖

Erfenisdag - 'n Treë vorentoe

Deur Jan Bosman - Hoofsekretaris van die Afrikanerbond

In ons twee en twintigste jaar van demokrasie het ons veels te min gedeelde geskiedenis en erfenis. Ons grondwet, nasionale vlag en volkslied is van die min gedeelde erfenisse en het hulle beslag gekry uit 'n geskiedkundige proses van kompromie en onderhandelinge wat gevolg het na 'n tyd van groot historiese verdeeldheid en vyandigheid. Suid-Afrikanerskap moet seer sekerlik veel

(Vervolg op p3)

Erfenisdag - 'n Treë vorentoe (verv)

meer behels as net nasionale simbole? Daar sal veel harder gewerk moet word om 'n groeiende gedeelde erfenis te vestig, as om gedeelde en reeds bestaande erfenisse te vernietig. Dit is egter baie maklik om te breek as wat dit is om te bou. Hierdie jaar is by uitstek 'n voorbeeld. Die kern van Suid-Afrika is vasgevang in die aanhef tot die grondwet en ons leuse !ke e: /xarra //ke, - diverse mense verenig.

Afrikaners in die algemeen voel nog meer gemarginaliseerd as tevore en ervaar ons daaglik dat daar 'n groter vervreemding is tussen gemeenskappe. Die Afrikanerbond het homself al geruime terug uitgespreek oor die behoefte en noodsaak dat minderhede oor ras en taalgrense mekaar begin vind en dan gemeenskaplikhede moet soek waarbinne gesprek gevoer kan word. Uitgangspunte wat van kardinale belang is sluit in:

- Dat die diverse Suid-Afrikaanse gemeenskappe lojal is aan Suid-Afrika en daarom wil sien dat Suid-Afrika suksesvol geregeer word;
- Dat daar groot kundigheid en ervaring opgesluit is in die Suid-Afrikaanse gemeenskappe;
- Dat daar konstruktief deelgeneem word aan gesprekke en dialoog maar dat dit nodig is dat dit nie net by gesprekke bly nie maar dat die doelwitte moet wees om positiewe uitkomst te verseker;
- Dat ons as verskillende gemeenskappe/minderhede bepaalde eie-belange bevorder maar dat ons wil meewerk aan sake van nasionale belang.
- Dat Suid-Afrika 'n land is met diverse mense en gemeenskappe en dat die diversiteit erken en gerespekteer moet word.

Daar sal veel harder gewerk moet word om 'n groeiende gedeelde erfenis te vestig, as om gedeelde en reeds bestaande erfenisse te vernietig.

Ons glo dat ons deur deelname aan enige gesprek wel kan meehelp aan die soeke na oplossings en dat ons deelname aan dialoog 'n proaktiewe stem is in die bevordering van gemeenskaplike belange van alle minderhede en 'n nasionale konsensus en meer belangrik die opvolg van die politieke skikking met 'n emosionele skikking.

As hoofsekretaris van die Afrikanerbond het ek in die hoedanigheid en persoonlik betrokke geraak by verskeie gesprekke juis om uitvoering te gee aan van die uitgangspunte wat ons deurlopend probeer bevorder. Daarom het ek ook betrokke geraak by 'n inisiatief van 'n aantal Suid-Afrikaners, insluitende dr Mamphela Ramphele om Suid-Afrika te herverbeel oftewel "ReimagineSA". Ons weet dat 1994 vir ons 'n nuwe Suid-Afrika moes gegee het, ons het deelgeneem daaraan en daar is be-

loftes gemaak. Ons het reikhalssend uitgesien na 'n samelewing wat uit sy verlede mekaar kon vind. Baie min daarvan het egter gerealiseer. Daarom poog die inisiatief om 'n samelewing daar te stel waar:

Positiewe elemente wat in die gesprek uitgelig is sluit in: Kulturele diversiteit, die liefde vir die grond, die feit dat sport mense verenig, 'n land van geleenthede, uitdagings en potensiaal, die weer, die unieke Suid-Afrikaanse kosse, die trotse kulture, uitdrukking deur taal, musiek, humor en mode.

- Daar 'n emosionele skikking is wat aanvaar word deur almal;
- Daar 'n gedeelde visie en verantwoordelikheid is vir die toekoms
- Talente in 'n bemagtigde sosio-politieke en ekonomiese omgewing ten volle ontsluit is.
- Die filosofie van Ubuntu geaktualiseer word.

Die Afrikanerbond was daarom die gasheer op Saterdag 24 September 2016 van 'n aantal jong Suid-Afrikaners by Die Eike in Randburg, juis om gesprek te voer oor die bogenoemde kwessies en mekaar te probeer vind rondom sake wat vir almal as Suid-Afrikaners van belang is.

Die positiewe van Suid-Afrika is op Erfenisdag uitgelig en dit het almal aangespoor om deel te wees gesprek. Positiewe elemente wat in die gesprek uitgelig is sluit in: Kulturele diversiteit, die liefde vir die grond, die feit dat sport mense verenig, 'n land van geleenthede, uitdagings en potensiaal, die

(Vervolg op p4)

Erfenisdag - 'n Treë vorentoe (verv)

weer, die unieke Suid-Afrikaanse kosse, die trotse kulture, uitdrukking deur taal, musiek, humor en mode. Dit het die grondslag gelê vir 'n groter en dieper gesprek waarin daar gedelf is oor die kwesies wat Suid-Afrikaners verdeel.

In die woorde van Gavin Ludick, lid van die Afrikanerbond se Jeuginisiatief:

“So stap ons nader aan 24 September, Erfenisdag, Braaidag, en vir sommiges nog Shaka Zulu-dag. Soos meeste Suid-Afrikaners begin ek beplan om die dag te wy aan vriende, familie, 'n vuurtjie wat knetter en natuurlik iets in die vorm van vloeiende negosie. My planne verander egter drasies toe ek gekontak word om deel te neem aan 'n gesprek met ander, mede Suid-Afrikaners in Randburg by Die Eike rakende ons verlede en, meer belangrik, ons toekoms hier aan die suidpunt van Afrika.

Die gesprek vind plaas onder die vaandel van #ReimagineSA waar daar gekyk moet word na nuwe denke, nuwe planne vir versoening en nuwe drome vir veral die jeug. Ek het min of meer besef waarom die dag se gesprekke sal gaan nadat ek uitgevind het wie die dag sal bywoon, onder die leiding van dr. Mamphela Ramphele. Ons was, soos altyd, vriendelik ontvang by Die Eike deur Jan Bosman en die diverse klomp jongmense teenwoordig het verseker dat die dag se gesprekke heel interessant sou wees. Dit is toe ook net die geval. Die idee was dat almal geleentheid het om openlik te praat en te deel hoe hulle voel oor die huidige situasie in die land en ook hul vooruitsigte as jong Suid-Afrikaners.

Dit was 'n geleentheid om openlik te praat en te deel hoe hulle voel oor die huidige situasie in die land en ook hul vooruitsigte as jong Suid-Afrikaners.

As Afrikaner het ek besef dat ek 'n groot rol het om te vertolk in so 'n gesprek, omdat ek voorsien het dat heelwat woede en afsydigheid steeds baie sterk teenwoordig is teenoor ons vanaf jong swartmense. Dit was vir my moeilik om te aanvaar en te hoor dat daar steeds 'n gevoel is dat witmense moet betaal vir Apartheid, dat "white privilege" op derduisende jong swartmense se lippe is en dat ons nie noodwendig gesien word as deel van moontlike toekomsplanne en vooruitsigte in SA nie! Dis nou waar 'n mens rustig moet bly, terugval op feite en jou kant van die verhaal duidelik moet stel! Die feit dat ek tydens een van my spreekbeurte meer kon vertel van die Zulu geskiedenis as wat die jongmense uit die Zoeloe-kultuur van geweet het, het my gehelp om hulle aandag vas te vang. Ek het vrylik en passievol gepraat oor my trots op wie ek is, my taal, my herkoms en my erfenis. Dit het my gewys dat indien Afrikaners suksesvol wil wees, is sulke tipe gesprekke en debatte, moet ons onself bewapen met kennis en insig!

Dit was 'n dag waarop ek trots kon praat oor wie ek is, 'n dag waarop ek nie een keer jammer gesê het oor wie ek is nie en 'n dag waarop jong swartmense kon agterkom hoe Afrikaners hulself deel sien van 'n land waaraan hulle behoort.

Dit is onder andere deur jong swartmense genoem dat slegs witmense rassisties kan wees, dat Afrikaners as kolonialiste gesien word, en dat ons nie 'n regmatige plek in SA het nie. Die negatiewe, aggressiewe en vyandige ondertone by enkele individue kan slegs deur dialoog en voortdurende interaksie met mekaar sinvol beredder en selfs positief verander word. Een van die positiefste gesprekke op die dag was met 'n jong Zoeloe man

wat my uitgevra het oor die Afrikanergeskiedenis en gevra het watter boeregeneraals hy kan navors! Ons het kontakbesonderhede uitgeruil en ek sien uit om 'n vriendskap te bou met iemand, uit 'n swart kultuur, wat belangstel in my geskiedenis en kultuur en met respek deelneem aan gesprekke rakende ons kollektiewe uitdagings en planne vir ons toekoms as Suid-Afrikaners.

Dr. Ramphele het uitstekend gepraat en alles mooi saamgevat aan die einde van 'n emosie belaaide dag. Wat 'n voorreg om deel te kon wees van so 'n dag, 'n dag waarop ek trots kon praat oor

(Vervolg op p5)

Erfenisdag - 'n Treë vorentoe (verv)

wie ek is, 'n dag waarop ek nie een keer jammer gesê het oor wie ek is nie en 'n dag waarop jong swartmense kon agterkom hoe Afrikaners hulself deel sien van 'n land waaraan hulle behoort.

Mag hierdie gesprekke voortduur en mag die Afrikaner voortleef in ons geliefde Suid-Afrika!"

Een van die persone wat saam met dr Mamphela Ramphele, betrokke is by ReimagineSA, George

Ons weet daar is baie lojale Suid-Afrikaners wat konstruktief krities wil meehelp om dienslewering vir alle Suid-Afrikaners te bewerkstellig en nie deelneem aan die afbreek en vandalisme en vernietigingskultuur nie.

Lindeque skryf in die bedanking aan die Afrikanerbond: "Dit is met groot dank, waardering en genoegdoening dat ek hierdie brief aan die Afrikanerbond rig. Ons stel julle ondersteuning en gasvryheid met hierdie eksperiment hoog op prys. Ons is vol moed om vorentoe te beur om 'n nuwe, nuwe Suid-Afrika teweeg te bring." Die Afrikanerbond is 'n belangrike belangegroep op hierdie reis. Ons sien daarna uit om die interaksie wat Saterdag (Erfenisdag) 'n aanvang geneem het verder uit te bou om geleenthede te optimaliseer."

Miskien is daar te veel hoop op die herwinning van ons reënboognasie maar wil ek opnuut glo dat nuwe geleenthede nou al hoe meer sal voorkom in 'n suksesvolle en veilige Suid-Afrika. Ons weet daar is baie lojale Suid-Afrikaners wat konstruktief krities wil meehelp om dienslewering vir alle Suid-Afrikaners te bewerkstellig en nie deelneem aan die afbreek en vandalisme en vernietigingskultuur nie.

Die gesprek op Erfenisdag met jong Suid-Afrikaners waartydens ons wel saam om 'n vuur kon staan, vleis kon braai en informeel kon gesels, gee weer hoop. Die praktiese demonstrasie van dialoog moet hoop gee dat Suid-Afrika se 1994 droom nog steeds in 2016 kan realiseer. Dit was 'n klein treë na die bevordering van gemeenskaplike belange en 'n nasionale konsensus. ❖

Sosio-politieke orde: 'n Bespreking

Afdeling Swartland

Kommentaar oor die Afrikanerbond se Besprekingsdokument: Die disintegrasie van die sosio-politieke orde of 'n nuwe bestel? deur Prof. André Duvenhage

Bespreking van die dokument en faktore wat tot die huidige situasie in die land aanleiding gegee het, het vir ons by 'n sentrale tema laat uitkom. Die sosio-politieke orde in Suid-Afrika kan gesien word as die gevolg van die bymekaarbring in 'n smeltkroes van twee globale bevolkingsgroepe wat elk 'n eie, lang en onafhanklike ontwikkelingsgeskiedenis het.

Die een groep het histories ontwikkel as 'n tradisioneel landelike een, met 'n ongesofistikeerde bestaansekonomie wat gebaseer is op gemeenskaplike of kommunale eiendomsreg - "ek bestaan omdat ek lid van 'n groep is". Vir oorlewing was mededeelsaamheid en sorg vir mekaar die reël - ek moet vir my buurman kos gee as hy nie kos het nie.

Volgens hierdie stelsel is primêr van individue verwag om in te pas en aan te pas by die groep se tradisies, waardes en norme, dat beskikbare bronne gemeenskaplik gedeel en gebruik moes word en dat individualiteit ongewenste gedrag was.

Dissipline om orde in die gemeenskap te handhaaf is toevertrou aan 'n leier met oppergesag wat deur gerespekteerde raadgewers bedien is. Die leier moes sterk genoeg was om te sorg dat uitsprake en reëls gehoorzaam en toegepas word. Die leier moes as persoon gerespekteer en eerbiedig word en het lewenslank die leier gebly. Volgens hierdie stelsel is primêr van individue verwag om in te pas en aan te pas by die groep se tradisies, waardes en norme, dat beskikbare bronne gemeenskaplik gedeel en

(Vervolg op p6)

Sosio-politieke orde: 'n Bespreking (verv)

gebruik moes word en dat individualiteit ongewenste gedrag was. Die individu moes onderdanig wees en nie die boot kantel nie. In wese is dit 'n sosialistiese stelsel.

Die tweede was 'n groep wat historiese industriële en kommersiële vaardighede ontwikkel het, met 'n ontwikkelde ekonomiese stelsel. Dit was daarop ingestel dat die individu meer produseer as vir eie en onmiddellike behoeftes, om te voorsien vir tye van skaarste. "Ek bestaan omdat ek dink". Voor-

Die posisie van die leier was gerespekteer en die persoon wat die pos gevul het ook, maar tot die mate dat die respek verdien was binne die perke van die wette.

sien vir myself en my gesin sodat ek nie van ander afhanklik word vir lewensmiddele nie. Dissipline en orde in die gemeenskap is ontwikkel deur 'n stelsel met 'n Grondwet as oppergesag. 'n Leier of leiers was gekies vir 'n ooreengekome periode namens en met die toestemming van die gemeenskap om te lei volgens 'n stel ooreengekome wette. Die posisie van die leier was gerespekteer en die persoon wat die pos gevul het ook, maar tot die

mate dat die respek *verdien* was binne die perke van die wette. Inisiatief, kreatiwiteit, individualiteit, eerlikheid, werksetiek, die opgaan van rykdom en respek en beskerming van ander se eiendom was beskou as deugde. In wese is dit die kapitalistiese stelsel.

In albei hierdie stelsels het oor die eeue 'n groot premie ontwikkel vir self-dissipline van die individu. Maar self-dissipline beteken nie dieselfde vir albei nie. Iemand wat in die sosialistiese stelsel groot geword het kan nie verstaan dat iemand wat kos het, dit nie met hom wil deel of vir hom daarvan wil gee nie. Volgens die reg waarmee hy groot geword het, is dit onmenslik en mag hy daarvan neem om te eet. Vir iemand wat in die kapitalistiese stelsel groot geword het, is dit 'n gebrek aan selfvoorsiening, word dit as bedel afgewys en om dit dan te neem is onregverdig toe-eiening en diefstal.

Op 'n baie vereenvoudigde manier skets hierdie voorbeeld een uitvloeisel van kulture wat in botsing met mekaar kom soos in Suid-Afrika. Daar is 'n spektrum ander aspekte wat ook in die daaglikse lewe manifesteer, waar "reg" bepaal word deur die groep waarin jy gebore is en die waardes waarmee jy groot geword het. Elkeen van die groepe ervaar die gevolge van die botsing as die disintegrasie van die sosio-politieke orde soos wat hy dit geken het. Op 'n diep gewortelde beginselsvlak is die ander een die een wat regtig verkeerd en "onbeskaaf" is.

En dit bring ons by die "periode van onderbroke ewililibrium" wat tans in Suid-Afrika ervaar word wat gekenmerk word "aan die herdefiniëring van spelreëls of 'n behoefte hieraan.. vloeibaarheid, dinamika, en onvoorspelbaarheid; die verval van bestaande institusionele raamwerke; patrone van konflik, geweld en onstabiliteit en 'n herbesinning oor waardes, norme en die geskiedenis", soos beskryf deur Prof. Duvenhage. "Die uitkoms van so 'n veranderingsproses beteken dikwels 'n herdefiniëring van 'n nuwe ewililibrium en veronderstel 'n nuwe balans van kragte en magte binne 'n geïdentifiseerde konteks."

Omdat Suid-Afrika onvoorwaardelik ons tuisland ook is, is die vraag of ons as minderheidsgroep, enigiets kan doen om 'n "nuwe ewililibrium" te help skep?

In hierdie konteks is daar twee arbitrêre gekose presedente van inisiatiewe wat suksesvol uitgeval het, waaruit ons moontlik iets kan leer.

Dit het 'n vertrouensbasis geskep waarmee aanvaarbare nuwe oplossings gevind kon word in 'n aantal kritieke situasies.

Tydens Kodesa het Roelf Meyer en Cyril Ramaphosa mekaar op 'n informele, persoonlike vlak gevind en deur per geleentheid saam vis te vang en te ontspan, het hulle vertroue in mekaar se bona fides ontwikkel. Dit het 'n vertrouensbasis geskep waarmee aanvaarbare nuwe oplossings gevind kon word in 'n aantal kritieke situasies. Die vertrouensbasis het eeue oue agterdog en wantroue in

(Vervolg op p7)

Sosio-politieke orde: 'n Bespreking (verv)

so 'n mate weggekalf dat die motiewe van voorstelle om konflik te omseil en nuwe beginsels te vestig wedersyds as eg aanvaar is.

Die ander insident was in Maart vanjaar toe studente-onluste oor Afrikaans as voertaal op die kampus van Pretoria Universiteit gedreig het om in 'n afwaartse spiraal van geweld te verval. "Twee politieke swaargewigte wat gewoonlik soos kat en hond baklei – die ANC-alliansie en die Solidariteit

Dit sou voordelig en miskien selfs noodsaaklik wees om die individuele leiers onder alle ander groeperings in die land met wie ons gedeelde belange het, te identifiseer en op grond van die gedeelde belange met hulle persoonlike kontak op te bou.

Beweging – het ... 'n historiese verenigde front gevorm weens albei se vrees dat anargiste die Universiteit van Pretoria (UP) kan "vernietig" (Media24). Dit het gevolg op die persoonlike kontak van 'n Adjunkhoof van Solidariteit met 'n provinsiale leier van die ANC vir "die soeke na 'n middelgrond ondanks ons groot verskille." Agv hierdie inisiatief het Solidariteit, AfriForum en AfriForum Jeug aan die een kant, en die ANC, SAKP, Sasco, Cosatu en Nehawu aan die ander kant bymekaar gekom en het hulle 'n ooreenkoms bereik op grond van "gedeelde belange".

Ons bespreking het 'n paar gedagtes opgelewer waarmee moontlik by 'n gewensde "nuwe ekwilibrium" uitgekam kan word. Dit pas ook toevallig goed aan by die nuwe bestel van koalisiëvorming tussen minderheidsgroepe wat intussen deur die 2016 munisipale verkiesing ingelui is.

1. Dit sou voordelig en miskien selfs noodsaaklik wees om die *individuele leiers* onder alle ander groeperings in die land met wie ons *gedeelde belange* het, te *identifiseer* en op grond van die gedeelde belange met hulle *persoonlike kontak* op te bou. Dit geld veral vir alle swart en bruin groepe - ongeag politieke affiliasies en of dit voormalige vyande is of nie. Belange mag sake wees soos moedertaal onderrig, die reg om eie kultuur te beoefen, private eiendomsreg, 'n regstaat onder die grondwet, anti-korrupsie, gelyke geleenthede vir almal op die basis van vaardighede en vermoëns, ens. Volkome konsensus oor die belange sou ideaal wees maar dit sou beter wees om geen voorvereistes vir gesprek te stel nie - slegs ooreenstemming oor die belange wat vir daardie geleentheid gedeel word. Dit is belangriker om aan die praat te kom en mekaar se belange en waardes te leer ken.
2. Om *aktief posisies van vertroue en respek* met hulle op te bou - alle vlakke van bestuur van die Afrikanerbond met die ooreenstemmende vlakke van leierskap in daardie groepe. Op die lang termyn sal dit dividende tot almal se voordeel oplewer.
3. Om *saam* met hulle te *konseptualiseer* en te *bepian*, eerder as om die konflikmodel te gebruik, dws om hulle te probeer oortuig om 'n deeglik uitgewerkte ("beste") voorstel te aanvaar. Gaandeweg sal elke groep leer wie, waarom en tot watter mate die ander vertrou kan word.

Dit suggereer dat ons in geloof dalk eerder op die proses as op die uitkoms behoort te fokus, sodat ons kinders, kleinkinders en latere geslagte saam by 'n nuwe konsensus ekwilibrium kan uitkom.

Navorsing toon dat die jonger geslag gemaklik met mekaar in die werkplek oor die weg kom en dat hulle moontlik beter toegerus is om ekwilibrium in 'n nuwe gemeenskaplike identiteit te kan bereik.

Navorsing toon dat die jonger geslag gemaklik met mekaar in die werkplek oor die weg kom en dat hulle moontlik beter toegerus is om ekwilibrium in 'n nuwe gemeenskaplike identiteit te kan bereik.

Lede en afdelings word genooi om hierdie voorstelle sowel as die inhoud van die artikel rondom die gesprek tussen jong Suid-Afrikaners wat op Erfenisdag by Die Eike plaasgevind het te bespreek en kommentaar te lewer. Enige ander insette sal verwelkom word. Kommentaar en insette kan gestuur word na kommentaar@abond.co.za ❖

Die Afrikaanse kampus as fabriek

Wat verdedig ons? – die Afrikaanse kampus as fabriek

deur Louis du Plessis

Die rektor van my geliefde alma mater moet deesdae bontstaan om uitputtende vrae te beantwoord.

Hoekom verontagsaam die Universiteit van Stellenbosch, wat sedert sy stigting 'n vesting was van die oppergesag van die reg, in 2016 die taalbeleid in sy jaarboek?

"Hoekom wend sommige instellings hulle tot regspraak oor wat aan die Universiteit van Stellenbosch gebeur?"

· "Hoekom verontagsaam hierdie universiteit, wat sedert sy stigting 'n vesting was van die oppergesag van die reg, in 2016 die taalbeleid in sy jaarboek? En by implikasie die grondwetlike beginsel van gelykberegting van tale?"

· "Wanneer gaan u optree teen #Afrikaans-must-fall

-aanhangers wat herhaaldelik een of ander verhoog by die US-woordfees ontwig het?"

· "En teen dié wat vuur maak teen die standbeeld van Jan S Marais, een van die grondleggers van die universiteit?"

En: "Wanneer gaan u bestuur opreg om verskoning vra vir die twee Afrikaanse meisies wat deur Open Stellenbosch – en deur u eie administrasie – as rassiste gebrandmerk is nadat hulle op 'n vrolike ruimtepartytjie hulle lywe pers geverf het?"

Ons kan egter vrae stel wat 'n donkerder skadu oor die kampus laat val. Soos: "Wat voorsien u, geagte medikus, gaan gebeur nou dat die fakulteit geneeskunde volledig ontafrikaans word? Noudat elke Afrikaanse mediese vak uitfaseer word? Vanaf oogheelkunde tot interne geneeskunde? Vanaf pediatrie tot ortopedie? Vanaf ginekologie tot urologie? Vanaf kardiologie tot chirurgie?" Vaktaal wat oor dekades met sorg geskep is om pasiënte te ondersoek, te diagnoseer en te genees.

Ek dink ons kan saamstem oor die volgende uitgangspunt: Op elke lewensterrein, is kampsusse fabriek wat vaktaal maak – elke soort vir bepaalde vaardighede – waarsonder geen gemeenskap – Portugese of Franse, Dene of Russe – kan presteer nie. Net soos geneeskunde, bevat elke vakwetenskap unieke begrippe, met ander woorde, innerlike beelde wat verskynsels en tendense voorstel, en waarvoor vakwetenskaplikes simbole (klanke en skriftekens) ontwerp wat by herhaling dieselfde beelde vir mekaar kan oproep. Die wetenskap in elke taal, soos Afrikaans, groei op hierdie wortel van die skep van begrippe – op konseptualisering – wat vir die taalgebruiker spesialisvaardighede op die betrokke vakgebied gee.

In die genoemde spore van geneeskunde, kantel die domino van die een vak na die ander. Aan die teologiese kweekskool in die Eikestad is verskynsels vanaf kerkgeskiedenis tot leerstellings, prediking tot evangelisering oor 'n leeftyd in Afrikaans gekonseptualiseer. Maar wat het die afgelope dekade hiermee gebeur? U weet.

As fabriek vir die regswese het regsfakulteite in Afrikaans sin gemaak met regsbegrippe – vanaf hofprosedures tot by die kompleksiteite van die kontraktereg en die strafreg. En noudat Engels by die Ou Hoofgebou tot primêre onderrigtaal verhef is? Wat nou?

As fabriek vir die regswese het regsfakulteite in Afrikaans sin gemaak met regsbegrippe – vanaf hofprosedures tot by die kompleksiteite van die kontraktereg en die strafreg

Voorts, veral sedert die 1930s het haas elke subdissipline van die politieke wetenskap welig gegroei, vanaf politieke stelsels en ideologieë, tot vergelykende regering en internasionale verhoudings, tot politieke sosialisering en verkiesingsgedrag. Naas geakkrediteerde tydskrifartikels het

(Vervolg op p9)

Die Afrikaanse kampus as fabriek (verv)

politikologiese meesterwerke die lig gesien soos Die Westerse Politieke Tradisie en Moderne Politieke Teorie.

Weens onder meer demografiese en politieke druk, is Afrikaanse politikologie egter vinnig landwyd terug gedryf. Soms amper oornag – soos aan die Randse Afrikaanse Universiteit. En soms met skermutselings – soos aan die Universiteit van die Vrystaat en van Pretoria. Reeds teen 2004 het

Maar nadat Afrikaans oral gevlug het uit vaktydskrifte soos Politeia, het ook Afrikaanse handboeke hier ongeskryf gebly.

vraestelle aan UP se Department of Political Sciences begin aantoon: "This paper is available in English only." In die eeu-oue westerse kultuur, suid van die Hexrivier, was die proses meer beredeneerd, taktvol, tree vir tree. Maar nadat Afrikaans oral gevlug het uit vaktydskrifte soos Politeia, het ook Afrikaanse handboeke hier ongeskryf gebly.

Op Afrikaanse kampusse – in die een vak na die ander – is klasse én taakopdragte, vraestelle én verhandelings kort voor lank in hoofsaaklik Engels aangebied. Afrikaanse vaktaal is uitfaseer.

KRYGSKUNDE AS VOORBEELD - Die spoed van hierdie terugtog word deur die vak krygskunde geïllustreer.

Oor talle dekades, maar veral vanaf die 1950s tot die 1990s, is, saam met die vervaardiging van wapenstelsels soos die Ratel-IGV (infanteriegevegsvoertuig) en die G5-kanon, vaktaal vir elke item, elke gevegsdril en elke taktiese sprong in lywige studiegidse en woordeboeke omskep. Vanaf die sluitstuk van die LMG (ligte masjiengeweer) tot die bedryf van internasionale kontakreëls vir vlote ter see, het die Afrikaanssprekende gemeenskap die militêre geskiedenis, tegnologie en strategie tot 'n vlymskerp wetenskap geslyp.

Nadat die nuwe heersers, wat aan Engels voorkeur gee, vanaf 1994 deur die hele Suid-Afrika begin rondsluip het, is Afrikaans uitfaseer aan die weermagsdeelkolleges soos die SA Leërkollege en die SA Lugmagkollege, en met groot haas afgeskaf aan die senior SA Nasionale Verdedigingskollege op Voortrekkerhoogte (nou Thaba Tshwane) en aan die Militêre Akademie in Saldanha, laasgenoemde wat die Universiteit van Stellenbosch se Fakulteit Krygskunde huisves.

Soos in elke ander vak aan histories Afrikaanse of tweetalige kampusse, is toonaangewende Afrikaanse gidse in krygskunde, deur instrukteurs en dosente – vergelyk Rewolusionêre Oorlogvoering en Mobiele Oorlogvoering – van verligte rakke af in donker argiewe weggepak.

Dis al hoe moeiliker vir die nuwe geslag Afrikaanse studente om te delf in die strategiese insigte van Soen Tsoe of Carl von Clausewitz of om beroemde veldslae te deurgrond en daaruit te leer, vanaf die Slag van Cannae verby die Slag van Majuba en die Sesdaagse Oorlog tot vandag.

In krygskundige vakke het die Afrikaanse jeug onder dertig hulle stem begin verloor. Vaktaal, wat oor dekades sorgsaam ontwikkel is, wek by hulle dikwels geen beelde op nie, byvoorbeeld "bindmag" en "afsnymag", "blokkeermag" en "opvolgmag", "maneuvreermag" en "slagtingsgebied", "relatiewe sterkte" en "beginsels van oorlogvoering" (vanaf "misleiding" en "mobiliteit" tot "konsentrasie van vuur") "opruiming", "penetrasie" en "omvleueling".

Die vaktaalkomitee van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns het onlangs honderde vaktaalwoordeboeke identifiseer waarin vaktaal, en dus die verwante vaardighede, in Afrikaans, die afgelope eeu neerslag gevind het.

asook "skynaanval", "teenaanval" en

(Vervolg op p10)

Die Afrikaanse kampus as fabriek (verv)

Die vaktaalkomitee van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns het onlangs honderde vaktaalwoordeboeke identifiseer waarin vaktaal, en dus die verwante vaardighede, in Afrikaans, die afgelope eeu neerslag gevind het. Stap vir stap het histories Afrikaanse kampusse egter sedert 1994 hierdie skat uittafaseer.

Dit word, selfs daar waar Totius en Jan S Marais wagstaan, al moeiliker vir Afrikaanse studente om Afrikaanse klasse en besprekings by te woon en om take en eksamens in Afrikaans aan te bied. Naas die paar wat genoem is, word talle ander subdissiplines, en daarmee saam die woorde en frases vir die dieper insigte en vermoëns in die lewe van die taalgemeenskap – die Afrikanervolk – tans landwyd uitgeroei. As dit langer voortduur, sal van die volkstaal, skeppingstaal en wetenskapstaal, later net 'n straattaal oorbly.

Maar nadat Afrikaans oral gevlug het uit vaktydskrifte soos Politeia, het ook Afrikaanse handboeke hier ongeskryf gebly.

Net op Stellenbosch alleen, het sedert die begin van 2016, sewe fakulteite in meer as 250 modules van die riglyne afgewyk om Afrikaans te beskerm. Naas geneeskunde, teologie en regte, waarna hierbo verwys is, het Afrikaans ook in die slag gebly in die fakulteite natuurwetenskappe, landbou, ingenieurswese, ekonomiese en bestuurswetenskappe en opvoedkunde.

SLOTSOM

Só, geagte prof Wim de Villiers, weer eens: hoekom wend sommige instellings, soos AfriForum, hulle landwyd tot regspraak oor Afrikaans op kampusse, aan fakulteite en in departemente? Die antwoord aan u as die enigste en laaste Afrikanerrekter is dit: "AfriForum veg nie vir sy eie eer nie. Hy beskerm onder meer dit waarsonder daar géén geesteslewe en géén Afrikanerprestasies kan wees nie. Hy verdedig een van ons kosbaarste bates: die fabriek wat vaktaal skep."

AfriForum het hierdie artikel onlangs gepubliseer as bydrae tot die debat oor Afrikaans op kampus. Louis du Plessis is 'n voormalige professor in die Fakulteit Krygskunde, Universiteit van Stellenbosch, en is tans lid van die Afrikanerbond se Nasionale Raad vir Gauteng-Suid. ❖

Die politiek korrekte woordeskat van 'n nuwe geslag

Deur Jan Bosman, Hoofsekretaris van die Afrikanerbond

In 'n onlangse artikel "Universities on the brink" van RW Johnson wat op 27 September 2016 in Politicsweb verskyn het, kritiseer die skrywer die rektore van universiteite en sê dat daar reeds in 2015 vasgeskop moes word teen die inmenging by universiteite en dat universiteite in die proses hulle outonomie begin prysgee het. Om dit nou vanuit 'n verswakte posisie te probeer inneem gaan baie meer verg. Die artikel kan gelees word by Politicsweb.

'n Paragraaf in die artikel wat egter vasgesteek het, is die oorsig oor die politieke omgewing wat sedert die 1980's na links geskuif het. Johnson sê dan (vertaal uit Engels) "die gevolg was 'n omgewing waar posisionele politiek byna alles geword het. Ten einde aan die "regte kant" te bly binne 'n snelveranderende universiteitsomgewing was die enigste veilige uitweg om bande met die Linkse vleuels oop te hou, ongeag die balanseertoertjies wat nodig was." Hy sê dat dit verder nodig geraak het om te probeer om die rol te speel van gespreksgenoot en tussenganger ten einde verandering te onderhandel, sonder beginselstandpunte. Om so 'n rol te speel het 'n politieke korrek-

Dit het nodig geraak om die rol te speel van gespreksgenoot en tussenganger ten einde verandering te onderhandel, sonder beginselstandpunte.

(Vervolg op p11)

Die politiek korrekte woordeskat van 'n nuwe geslag (verv)

te taal noodsaaklik geword - woorde soos: regstelling, (redress), transformasie, (transformation) inklusief, (inclusive) nie-rassig, (non-racist), dekolonialisasie, (decolonization) voorheen benadeeld, (previously disadvantaged) witheid, (Whiteness), vervreemding, (alienation), uitsluiting, (exclusion), navorsingsuitnemendheid, (research excellence), 'n leerkultuur, (a culture of learning), die nalatenskap van apartheid, (the legacy of apartheid), demografiese verteenwoordiging, (demographic representation), diversiteit, (diversity), innovasie in onderrig en leer, (innovation in teaching and learning), bevraagtekening van historiese waardes en aannames, (interrogating historical values and assumptions), strydveld, (terrain of struggle), bevestiging van waardigheid, (affirmation of dignity), bemagtigende omgewing, (enabling environment), kapasiteitsbou, (capacity building), versnelde transformasie, (accelerated transformation), diensbillikheid, (employment equity), opkomende geleerdes, (emerging scholars), dringende transformasiedoelwitte,

Dit is nie net in die universiteitsomgewing waar die gonswoorde gebruik word nie. Dit is ongetwyfeld ook in die woordeskat van politici en menige politieke kommentators.

(transformation imperatives), die globale suide, (the global south), die "hoofstroom" as werkwoord, mentorskap, (mentoring), kritiese pedagogie, (critical pedagogy), betrokkenheid van belanghebbendes, (stakeholder involvement), marginalisering deur die dominante kultuur, (marginalization by the dominant culture), om die "ander te wees" (to be "othered"), Eurosentries (Eurosentries), Afrosentries, (Afrosentries) en vele meer: 'n hele nuwe taal van gonswoorde en woordskrywings."

(transformation imperatives), die globale suide, (the global south), die "hoofstroom" as werkwoord, mentorskap, (mentoring), kritiese pedagogie, (critical pedagogy), betrokkenheid van belanghebbendes, (stakeholder involvement), marginalisering deur die dominante kultuur, (marginalization by the dominant culture), om die "ander te wees" (to be "othered"), Eurosentries (Eurosentries), Afrosentries, (Afrosentries) en vele meer: 'n hele nuwe taal van gonswoorde en woordskrywings."

Dit is nie net in die universiteitsomgewing waar die gonswoorde gebruik word nie. Dit is ongetwyfeld ook in die woordeskat van politici en menige politieke kommentators. Daar is nog heelwat woorde wat in die laaste ruk gehoor is wat hierby gevoeg kan word. Let op dat in die bogenoemde sowel as ongenoemde lys is die Engelse woorde baie meer in die woordeskat terwyl die Afrikaanse vertaling, soms vreemd, maar soms ook meer billik mag voorkom. Wit monopolie kapitaal (white monopoly capital), Kolonialisering (colonialisation), Afrikaniseer (Africanise), Klassestryd (Class struggle), Eise (demands), Britse imperialisme (British Imperialism), Narratief (Narrative), Bemagtiging (Empowerment), Regstellende aksie (Affirmative Action), Geïnstitutionaliseerde rassisme (Institutionalised racism), Nie-seksisties (non-sexist)

Die outeur se waarneming is dat "een van die eienaardighede is hoeveel van hierdie terme óf net in Suid-Afrika gehoor word of 'n heel ander betekenis in Suid-Afrika het."

Die groter eienaardigheid is hoe maklik die politieke korrekte terme deel geword het van die woordeskat van alledaagse Suid-Afrikaners. Baie van hierdie begrippe is politieke gelaaide woorde en die alledaagse gebruik daarvan verleen legitimiteit aan sommige woorde.

Die groter slagyster wat sommige woorde inhou is dat die woorde alledaags gebruik word, legitimiteit verkry het, en enige argument daarteen onmiddellik verreken of afgemaak word as "rassisties" teen transformatief "teen-revolusionêr" of teen-progressief". Nog woorde wat by bogenoemde lys te gevoeg kan word.

Die groter slagyster wat sommige woorde inhou is dat die woorde alledaags gebruik word, legitimiteit verkry het, en enige argument daarteen onmiddellik verreken of afgemaak word as "rassisties" teen transformatief "teen-revolusionêr" of teen-progressief".

Dit is amper asof mense se politieke vernuf getoets word aan hoeveel van die woorde in 'n logiese orde in een sin of paragraaf gebruik kan word. Luister maar na die woordvoerders van die protesterende studente en evalueer hulle uitsprake aan die hand van die bogenoemde terme.

(Vervolg op p12)

Die politiek korrekte woordeskat van 'n nuwe geslag (verv)

Die politieke korrekte terminologie gee dan ook legitimiteit aan die swartbewysyn wat internasionaal bevorder word en in Suid-Afrika feitelik die plek van Apartheid ingeneem het. Daar is 'n nuwe swart kleurbeheptheid en kleurbewustheid en word ons samelewings daarvolgens saamgestel. Nie-blank word nou vervang met nie-swart en word die terminologie soos bo lustig ingespan om die swart posisie te bevorder of te verskans.

Daar is 'n nuwe swart kleurbeheptheid en kleurbewustheid en word ons samelewings daarvolgens saamgestel. Nie-blank word nou vervang met nie-swart en word die terminologie soos bo lustig ingespan om die swart posisie te bevorder of te verskans.

Daarom is daar in 'n diep verdeelde samelewing soos Suid-Afrika met reg vroe oor instansies soos die *Black Management Forum, Black Editors Forum, Black Lawyers Association, The Association for the Advancement of Black Accountants of Southern Africa, Black Association of the Wine and Spirit Industry, Association of Black Securities and Investment Professionals, Black Conveyancers Association, Black Business Women Association* en andere. Sulke suiwer rasgebaseerde instansies is totaal onvanpas en verdeel die Suid-Afrikaanse samelewing net nog meer.

Apartheid het 'n stelsel probeer vestig wat mense langs rasseverdelings en met kunsmatige grense uitmekaar gehou het. Die fokus op swart bevordering en swart bemagtiging in die praktiese toepassing van beleid verskil nie veel van die stelsel nie. Dink net watter bohaai gaan daar nie wees as wit sakemanne of prokureurs hulself so noem en hulself daarvolgens bevorder nie. Die gebruik van die nuwe politieke korrekte het egter legitimiteit verleen aan swart nasionalisme en swartbewysyn.

Nou wat dan van taal en kultuurorganisasies soos die Afrikanerbond? Artikel 31 van die Grondwet waarborg die reg van lede van 'n kultuur-, godsdienstige en taalgemeenskap om hul kultuur, godsdiens en taal te geniet en om vir dié doeleindes, kulturele, godsdienstige assosiasies en ander liggame van die burgerlike gemeenskap te stig, daarby aan te sluit en in stand te hou. Hierdie reg van kulturele, godsdienstige en taalorganisasies mag egter nie teenstrydig met die Verklaring van Menseregte wees nie. In hierdie verband moet aangemerkt word dat die Konstitusionele Hof beslis het dat sulke kulturele, godsdienstige en taalorganisasies wel uitsluitende lidmaatskapsvereistes mag stel solank hierdie vereistes hul kulturele, godsdienstige en taalintegriteit beskerm maar nie op rasse-diskriminasie neerkom nie.

Die meerderheid Suid-Afrikaners, wit en swart, het die nuwe Suid-Afrika en die waardes soos vervat in die SA grondwet volledig omarm. Hierdie waardes soos gestipuleer in die grondwet word egter stelselmatig geërodeer deur die betekenis en aanvaarding van heelwat van die politieke korrekte begrippe. Daar sal met groot omsigtigheid omgegaan moet word met sommige van die terme, reeds omdat dit polities gelaai is, en tweedens omdat sommige van die begrippe deur hulle eie en unieke betelens alreeds strydig kan wees met die internasionale betekenis of deur die praktiese uitvoering daarvan kontra die grondwet mag wees.

Die waardes soos gestipuleer in die grondwet word egter stelselmatig geërodeer deur die betekenis en aanvaarding van heelwat van die politieke korrekte begrippe.

Die beskerming en bevordering van ons grondwet berus by dié miljoene gematigde Suid-Afrikaners, wat die meerderheid van ons bevolking uitmaak, wat droom oor 'n Suid-Afrika wat suksesvol funksioneer en waar elkeen se potensiaal en vermoë ten volle ontwikkel kan word, vry van rasgedrewe ideologie.

Lede en afdelings word genooi om die lys van politieke korrekte terme te bespreek en ook die lys van begrippe aan te vul. Stuur gerus kommentaar en insette na ons by die volgende e-pos adres: komentaar@abond.co.za ❖

Mentorvennoot se eerste *Entrepreneurskool*

Deur *Rienzi Duvenage, Besturende direkteur van Mentorvennoot*

Mentorvennoot se eerste *Entrepreneursskool* Kompetisie het op 'n hoë noot afgeskop. Die *Snapspel*, 'n 6-uur lange rekenaar-gesimuleerde besigheidspel is sover suksesvol aangebied by vier toonaangewende hoërskole: In volgorde, Afrikaans Hoër in Pretoria, Hoër Jongenskool in Paarl,

Mentorvennoot bied aan hoërskoolleerders buite-kurrikulêre leiding en blootstelling op 'n praktiese en toegepaste vlak.

Hoërskool Jan Van Riebeeck in Kaapstad en Stellenbosch Hoërskool.

Volkskool in Heidelberg en Gimnasium op Potchefstroom volg in Oktober en Mentorvennoot se webwerf sal gedurende Oktober begin om die puntestand in die kompetisie deurlopend aan te gee. Die *Kampioen Entrepreneursskool* van

2016 sal aan die einde van die jaar op 'n gala-geleentheid aangewys word.

Mentorvennoot bied aan hoërskoolleerders buite-kurrikulêre leiding en blootstelling op 'n praktiese en toegepaste vlak, sodat hulle so vroeg as moontlik die lekker van *entrepreneurskap* kan ervaar - terwyl hulle basiese kritiese besigheidsinsigte en -vaardighede aanleer en ontwikkel. Dit bied aan leerders wat nie akademiese ere-rolle haal nie 'n geleentheid om ook te presteer. 'n Aanduiding van die graad van sukses en die impak van die *Snapspel* op skole en leerders word dalk die beste weergegee deur van die kommentaar wat na die deelnames ontvang is.

"Dit was 'n besonderse ervaring om die entoesiasme van die 24 jong manne en die 2 dames-onderwysers te belewe. [*Afrikaans Hoërskool, Pretoria*] Daar was geen twyfel dat die dag 'n groot sukses was nie." *Gerrie de Villiers, Direkteur, Mentorvennoot.*

"Ek kan nie genoeg dankie sê nie, die terugvoer van seuns en ouers stroom in." *Nollies de Vries, Adjunk-hoof, Paarl Hoër Jongenskool.*

"My ervaring van dit wat ek gesien en met die seuns beleef het was BAIE goed. [*Paarl Hoër Jongenskool*] Die deurgaanse betrokkenheid van elke seun was opmerklik. Daar was geen stil oomblik nie. Wanneer daar wel 'n stilte was, is daar diep gedink. Die spanwerk, uit-die-moeilike-uitkomst-kameraadskap, moeiliker-word-besluite, merkbare versigtige sukses (klein air punch), bespreking van risiko, spioenering op mekaar se suksesverhale, uit-die-boks-denke, en vele ander ervarings was maar van die paar wat ek beleef het.

Marius en Rona, [*aanbieders*] Julle onpartydige steun en rigtinggewing was uitstekend en goed om te sien. Hierdie *snapspel* werk! Die seuns is honger vir sulke uitdagings. Die effek hiervan gaan ons nog lank hierna sien en beleef.

Ek dank almal wat meegehelp het om dit 'n groot sukses te maak - veral die seuns wat hul *Vrydagmiddag/aand* opgeoffer het om, met groot entoesiasme deel te neem. Hulle is daar weg met 'n LEKKER moegheid.

Mag hierdie gebeurtenis se aansteeklikheid groei! Hier is beslis 'n whaaaw-faktor teenwoordig." *Andries Domburg, Direkteur, Mentorvennoot.*

"Dit was 'n reuse sukses en al die leerders was opgewonde en vol lof na die tyd. Daar was 'n gees van opwinding en entoesiasme toe ek my eie seuns gaan oplaai het. Niemand het moeg gelyk na die lang dag nie en almal het vertel hoe hulle dit geniet het!

Baie dankie aan elkeen se insette en bydrae sover om vandag moontlik te maak het.

Ons gaan nou voort met die *Entrepreneursklub* en al die opwindende bedrywighede wat voorlê." *Anita Jordaan, Beheerliggaam, Hoërskool Jan van Riebeeck.*

Dit was 'n reuse sukses en al die leerders was opgewonde en vol lof na die tyd. Daar was 'n gees van opwinding en entoesiasme.

(*Vervolg op p14*)

Mentorvennoot se eerste Entrepreneurskool (verv)

"Ek is SO bly ek kon ook daar wees om die opwinding aan te voel. [Hoërskool Jan van Riebeeck] Ek het ook die meelewing en entoesiasme van die onderwysers en ouers beleef. Hierdie meelewingsteenwoordigheid **moet** 'n effek op die gees in die skool en in besonder entrepreneurskap hê. Die resultaat bewys dit. Baie geluk aan die skool! Baie geluk aan al die toekomstige entrepreneurs! Baie geluk aan die onderwysers en ouers wat deel is van hierdie entrepreneurs-kweekhuis. Baie geluk aan die aanbieders! Die taak is groot (maar lekker) om hierdie sterre vorentoe te vat." *Andries Domburg, Direkteur, Mentorvennoot.*

Na die sukses wat hierdie jaar met die program bereik is, sal dit in 2017 na meer skole in die land uitgebrei word. Skole wat belangstel om by die program in te skakel kan ons nou al kontak by mentorvennoot@mweb.co.za ❖

Brokkies en byeenkomste

GEBIED - WES-KAAP

Gebied 1 Weskaap hou 'n gebiedsaamtrek in Kuilsrivier

Plek: Jan Kriel skool
Datum: 25 Oktober 2016
Tyd: 19:00

Die spreker is **Dr Frans Cronje**, Hoof Uitvoerende Beampte van die Instituut vir Rasseaangeleenthede. Dit is 'n ope vergadering vir ander gaste.

Plek: Olok-saal, Hoërskool Swartland Sportgronde, Dirkie Uys-sstraat, **Malmesbury.**

Koste: **R120 pp** vooraf betaalbaar, ete en wyn ingesluit.

Bespreking noodsaaklik om die lokaal en eetgoed voor te berei. Roetekaart voorsien.

Naam en aantal gaste aub teen **Woensdag 5 Oktober 2016** aan:

Siebert Coetsee: siebertcoetsee@gmail.com
Voorsitter: Swartland-afdeling

SWARTLAND INDABA-ETE 2016

Suid Afrika is weer in 'n fase van ingrypende politieke verandering soos in die aanloop tot die nuwe politieke bedeling van 1994. Maar anders as in 1994 is die onstabiliteit besig om toe te neem - polities, ekonomies en sosiaal, met dienslewingsproteste, arbeidsonstabiliteit, kriminele geweld, #FeesMustFall, die opvolgstryd en konflik binne die "Bree Kerk" van die ANC, xenofobie en vigilantisme.

Prof. André Duvenage, politieke wetenskaplike van NWU, gaan 'n **Strategiese ontleding van die Suid-Afrikaanse politieke omgewing en die pad vorentoe** doen.

Alle-lede, hulle gades, gaste en enigeen wat belangstel is welkom. Daar sal geleentheid wees vir vrae en bespreking.

Datum: Woensdag 12 Oktober 2016
Tyd: 19:00,

GEBIED - VRYSTAAT

Gebied (Vrystaat) se Algemene Provinsiale Vergadering vind plaas

Datum: Saterdag 15 Oktober 2016

Plek: Jagplaas, Erffontein naby Theunissen.

Tyd: 09:00

Die spreker is **Paul Colditz** van Fedsas, Die tema van die Algemene Provinsiale Vergadering is "**Die Toekoms van Afrikaans – Ons verantwoordelikheid**". Afdelings moet voor of op 3 Oktober 2016! laat weet of hulle die Algemene Provinsiale Vergadering gaan bywoon en ook die name van lede wat gaan bywoon. Afdelings wat dit glad nie kan bywoon nie, moet asseblief dmv die betrokke Provinsieraadslid, die nodige volmagte verskaf ten einde 'n kworum te verseker.

Danie Eichstädt
Provinsieraadsekretaris
082 336 2353
danieeic@absamail.co.za ❖

Kontakbesonderhede vir die Afrikanerbond

hoofkantoor@abond.co.za
www.afrikanerbond.co.za

Privaatsak X45, Aucklandpark, 2006
Tel: (011) 782-8569 of (011) 782-8627
Faks: (011) 782-1190